

**13 Desember**

**Romeine 12:1-8**

***Krap krap krap***

Wat doen jy as jy in die openbaar voor mense staan en jy begin op 'n ongemaklike plek jeuk? Dan krap jy tog sekerlik nie! Jy byt op jou tande en die wonder wat dan gebeur is gewoonlik dat die jeukery self ophou. Goeie maniere vra net 'n bietjie selfbeheersing.

So kos dit ook net 'n bietjie selfbeheersing om nie toe te gee aan die krap-versoeking wat daaglik op jou pad kom nie. Ek bedoel die aanslag van die talle krapkaarte wat deesdae om elke hoek en draai vir jou wag. En dan word die wenners van krapkaarte so opgehemel asof hulle die helde van ons tyd is en jy voel sommer jaloers. En dan begin die gejukery: Hoekom nie ek nie? Laat ek net een keer probeer. Miskien is ek ook "lucky". En die soort jeukery kan nogal regtig lastig raak as ek 'n bietjie in die knyp is en my geldjies 'n bietjie skraps raak.

Let maar gerus op na die mense wat krap - die hoop, die verwagting! En dink ek so by myself: Wat wil die Here hê moet ons doen? Die Here soek die hoop en verwagting by ons. Ek moet op Hom hoop! So roep Dawid ons op: "Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom. Hy sal sorg" (Ps. 37:5). Krapkaarte is 'n versoeking van die wêreld om die vertrouwe wat God by ons soek, op iets anders te rig.

Die Skrif vermaan ons: "Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle denke vernuwe, dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is" (Rom. 12:2).

As jy dus begin jeuk om jou vertrouwe op iets of iemand anders te stel as God, gaan dan in jou binnekamer en krap in die Bybel rond op soek na Sy wil vir jou lewe. Laat die Heilige Gees toe om jou sondige begeertes oop te krap en u daarteen te bewapen met die vrug van selfbeheersing.

Sing: Skrifberyming 43:4, 5

Ds. M. van Helden (Centurion)